Met die Naam van Allah, die Alomgenadige, die Genadigste

Hoe bereik ‘n mens sukses?

Hierdie Hoofstuk handel hoofsaaklik oor die reëls nodig vir die mens om aan die vereistes te voldoen om suksesvol te kan wees: die reëls vir beskeidenheid vir albei geslagte en bedekking vir vroue

1. Hierdie is ‘n hoofstuk wat Ons geopenbaar het met verse waarin Ons duidelike verpligtinge en reëls voorgeskryf het, sodat julle dit as goeie raad kan ontvang en toepas.

Die straf vir ongetroude mense wat seks buite die huwelik het

2. Vroue en mans wat buite die huwelik met ander mans en vroue seks het, moet elk een honderd rottanghoue ontvang. En as jy regtig glo in Allah en in die Laaste Dag, dit is die Opstandingsdag en die Oordeelsdag, dan mag jy nie toelaat dat jou meegevoel vir sulke oortreders jou daarvan weerhou om aan die vereistes vir Allah se godsdiens te voldoen nie. En ‘n groep gelowiges moet getuies wees by die toediening van die straf.

Soort soek soort

3. ‘n Man wat voorhuwelikse seks het trou gewoonlik met ‘n vrou wat soos hy is, iemand wat voorhuwelikse seks beoefen of ‘n veelgodedienaar is. So ook verkies ‘n vrou wat voorhuwelikse seks beoefen om met ‘n man soos sy te trou, of ‘n man wat ‘n veelgodedienaar is. Sulke voorkeure is heeltemal ontoelaatbaar vir gelowiges.

Die straf vir valse beskuldiging van voorhuwelikse seks

4. Diegene wat kuise vroue van voorhuwelikse seks beskuldig, en nie vier getuies het om dit wat hulle sê te staaf nie, moet met tagtig rottanghoue gestraf word en hulle mag nooit weer as getuies vertrou word nie, omdat hulle baie groot sondaars is: …

5. …tensy hulle daarna berou het en hulle gedrag en optrede ooreenkomstig hulle berou verander en soos betroubare gelowiges lewe. Dan is Allah Alomvergewend, en Baiegenadig.

Indien ‘n man sy vrou sonder getuies in egbreek betrap of haar vals daarvan beskuldig

6. Diegene wat hulle vroue van egbreek beskuldig, en niemand anders as net hulleself as getuies het nie, kan vier keer ‘n eed sweer dat, sowaar as Allah, hy die waarheid praat,

7. en ‘n vyfde eed dat Allah se vloek op hom kan rus, met ander woorde dat hy vir ewig buite die genade van Allah sal wees, as hy nie die waarheid praat nie.

8. Net so sal dit haar van straf vrywaar as die beskuldigde vrou vier ede sweer dat, sowaar as Allah, haar eggenoot nie die waarheid praat nie,

9. en ‘n vyfde eed dat Allah haar eggenoot se onskuld op haar kan wreek as hy die waarheid praat.

10. Sommige van julle sosiale aangeleenthede is so ingewikkeld dat as dit nie was vir Allah se guns teenoor julle en Sy genade, en dat Allah Meestoegeeflik en Alwys is nie, sou julle geruïneer gewees het.

Aisha vals beskuldig van egbreek

11. Daar is ‘n bende Moslems onder julle wat die waarheid verdraai. Mohammed, dink jy hierdie leuens teen julle en almal wat daardeur seergemaak is, is sleg vir julle: dink weer, dit is eerder goed vir julle, en julle hoef nie sleg te voel daaroor nie. Elkeen van haar aanklaers kom nou in aanmerking vir wat hy van die skinderstorie en sonde vir homself verdien het, van die hoofaanklaer tot die wat stil gebly het oor die waarheid. En die hoofaanklaer, die een wat die grootste aandeel het in die aanklag, vir hom wag daar ‘n groot straf.

12. Waarom het julle wat gelowiges is, manne en vroue, toe julle hierdie skinderstorie en aanklag hoor, nie nugter daaroor gedink nie, en gesê: “Dis ‘n infame leuen.”?

13. Hoekom het die aanklaers nie vier getuies na vore gebring om hulle aanklag te staaf nie? So, omdat hulle nie die getuies gebring het nie, is hulle die leuenaars in Allah se oë.

14. En as dit nie was vir die guns van Allah teenoor julle nie, en Sy genade in hierdie wêreld en in die Hiernamaals nie, sou ‘n groot straf julle getref het vir dit waarin julle, julleself begewe het…

15. …toe julle dit met julle tonge verwelkom het en met julle monde gepraat het oor dit waarvan julle geen kennis dra nie, en dit is ‘n onbenullige aangeleentheid beskou het, terwyl dit in die oë van Allah ‘n erge saak is.

16. Hoekom het julle nie, toe julle daarvan hoor, gesê: ‘Dit is nie betaamlik dat ons onsself oor hierdie aangeleentheid uitlaat nie. U o Allah is rein en vêr verhewe bo sulke dinge. Hierdie is ‘n verskriklike beskuldiging.’

17. Allah verbied julle om iets soos hierdie nooit weer te herhaal nie, as julle gelowiges is.

18. En Allah maak die boodskap en bewyse vir julle duidelik want Hy weet wat reg en verkeerd is en wat die waarheid is en wat leuens. Allah is die Alwetende, die Alwyse.

19. Regtig, diegene wat daarvan hou dat skaamteloosheid onder die gelowiges versprei, vir hulle is daar ‘n pynlike straf in hierdie lewe en in die Hiernamaals. En Allah weet die beste, nie julle nie.

20. En as dit nie vir Allah se guns teenoor julle was nie, en Sy genade en dat Allah Baiegoed vir julle is nie, en Baiegenadig, sou julle vernietig gewees het.

Allah reinig van sonde wie Hy wil

21. Gelowiges, moenie in die voetspore van Satan volg en agter hom aanloop nie. Wie ookal agter Satan aanloop, moet weet dat hy ‘n mens beveel om skaamtelose dade en sonde te doen. En indien dit nie was vir die guns van Allah teenoor julle nie, en Sy genade, sou nie ‘n enkele een van julle ooit sondevry en gereinig gewees het nie. Maar Allah reinig van sonde wie Hy wil. En Allah is Alhorend, Alwetend.

22. En die mense onder julle wat die vermoë besit om welsynswerk te doen en goed te doen, moenie hulle voorneem om onder geen omstandighede hulp te verleen aan hulle familie en die armes en diegene wat in die saak van Allah van een land na ‘n ander gevlug het nie. Hulle moet vergewe en laat gaan. Hou julle nie ook daarvan dat Allah julle vergewe nie? En Allah is Meesvergewend, en Baiegenadig.

23. Sowaar, diegene wat ‘n valse beskuldiging inbring teen die kuise, naïewe en gelowige vroue, is in hierdie wêreld vervloek asook in die Hiernamaals, wat beteken dat hulle vir ewig buite die genade van Allah is, en daar wag vir hulle ‘n geweldige straf:

24. en tydens die Oordeelsdag sal hulle tonge, hulle hande en hulle bene teen hulle getuig van wat hulle gedoen het.

25. Op daardie dag sal Allah hulle, ten volle hul verdiende loon gee, en hulle sal weet dat Allah die Waarheid is, Wie Sy beloftes, Sy dreigemente en Sy afrekening regverdig tot uitvoer bring.

Vulgêre en goeie mense pas van nature nie bymekaar nie

26. Vulgêre dames en vulgêre mans pas bymekaar, soos wat vulgêre mans en vulgêre dames tuis voel in mekaar se geselskap. Netso pas goeie dames en goeie mans bymekaar en is goeie mans, goeie dames waardig. Sulke goeie mense is vry van dit wat hulle beskuldigers van hulle sê. En vir hulle is daar vergifnis en 'n goeie voorsiening gemaak.

Goeie maniere en etiket vir Moslems

27. Gelowiges, moenie by enige huis ingaan, behalwe as dit jou eie huis is, alvorens jy nie eers gevra het of jy maar kan binnekom nie en die inwoners gegroet het met “Vrede vir julle,” nie. Dit is goeie maniere, en julle kan dit gerus as goeie raad toepas.

28. As julle dan by ‘n huis kom en niemand by die huis kry nie, moenie in die huis ingaan totdat julle toestemming gekry het nie. En indien julle toegang geweier sou word met: “Gaan weg,” draai dan om en gaan weg: dit is die betaamlike ding om te doen. En Allah is Alwetend van alles wat julle doen.

Onbestuurde Gastehuise

29. Julle doen nie sonde as julle by onbewoonde huise ingaan en daar oorbly terwyl julle op reis is nie, want julle is daarop geregtig omdat dit as onbestuurde gastehuise funksioneer. Allah weet wat julle openbaar maak en wat julle wegsteek.

Beskeidenheid: die kyker het net so ‘n groot verantwoordelikheid as die vertoner en albei moet met verantwoording optree!

30. Mohammed, en sê vir die gelowige manne dat hulle liewer moet afkyk grond toe of moet wegkyk, as wat hulle na enigiets kyk waarna hulle nie mag kyk nie, en dat hulle hul geslagsdele mooi moet oppas en nie daarmee moet egbreek pleeg nie, want dit pas by ‘n gelowige om kuis te wees. Hulle moet in gedagte hou dat Allah Albewus is van wat hulle doen.

31. En sê aan die gelowige vroue dat hulle dieselfde moet doen: hulle moet eerder afkyk of wegkyk as wat hulle kyk waarna hulle nie mag nie en hulle moet hulle geslagsdele mooi oppas en nie daarmee egbreek pleeg nie, en hulle moenie hulle skoonheid in die openbaar ten toon stel nie, behalwe vir dit wat van nature sigbaar is wanneer sy in die openbaar moet verskyn om werk te doen, sonder dat sy onnodig ‘n objek vir verleiding word. Verder moet die dames sorg dat hulle borste toe is, en dat hulle nie hulle skoonheid ontbloot nie: dit is beter dat ander mans hulle nie sien as hulle nie behoorlik aangetrek is nie, en net hulle mans, Oupas en Oupagrootjies, seuns of aangetroude seuns, hulle broers en die seuns van hulle broers en susters, dis nou hulle klein-nefies en klein-niggies, en haar vriendinne. So ook mag diensknegte wat vir haar werk haar sien in gewone huisklere en die manlike werkers wat nie seksuele behoeftes het nie, en die kinders wat nog te klein is om bewus te wees van die seksuele aantreklikheid van vroue. Hulle moet ook nie so loop of hulle voete op so ‘n manier stamp dat hulle skoonheid en die klingel van die juwele wat hulle dra ‘n verleiding word vir diegene wat na haar kyk of van haar teenwoordigheid bewus is, nie.

En gelowiges, manne en vroue, omdat Allah van alles weet wat julle doen, as iemand op hierdie gebied oortree het, laat so ‘n persoon met berou vir Allah om vergifnis vra en van harte besluit om nie weer te sondig nie, sodat julle suksesvol kan wees en geestelik kan groei.

Dit is beter dat almal wat kan trou tot trou kom

32. En sorg dat al die ongetroudes onder julle getroud kom, soos julle manlike en vroulike diensknegte. Mense moenie bang wees om te trou net omdat hulle dink hulle is te arm, nie: Allah sal vir hulle sorg uit Sy guns en genade. En Allah is Allesomvattend en Alwetend.

33. Maar diegene wat dit regtig nie kan bekostig om te trou nie, moet dan geduldig wag en hulleself kuis bewaar totdat Allah hulle die nodige middele gee om te kan trou.

Die beëindiging van slawerny

Die diensknegte wat hulle vryheid wil koop, moet toegelaat word om dit te doen, indien julle van mening is dat hulle goeie mense is en ‘n bydrae kan maak tot die samelewing. En gee aan hulle finansiële hulp vanuit die rykdom wat Allah aan julle gegee het.

Die ontmoediging van gedwonge prostitusie

En moenie van julle diensmeisies, wat verkies om kuis te bly, verwag om prostitute te word net sodat julle die tydelike voordeel van hierdie wêreld daaruit kan trek nie. En indien so ‘n diensmeisie deur haar eienaar forseer sou word om te oortree, sal Allah haar vergewe, want Allah is Meesvergewend, Baiegenadig.

Die Lig van Allah se geopenbaarde Verse

34. Mohammed, Ons het aan jou verse geopenbaar wat die lewens van mense moet verlig, asook beskrywings van die voorbeeldige lewens van die Boodskappers voor jou wat as goeie raad moet dien vir diegene wat ‘n heilige ontsag en respek vir Allah het.

Allah is die Lig vir die wêreld

35. Allah is die Lig van die hemele en die aarde. Sy Lig is soos ‘n lamp wat bo-op ‘n paal staan binne in ‘n glas wat soos ‘n skitterende ster lyk en wat brand met behulp van die olie van die geseënde boom, die olyfboom, wat heeldag in die oop woestynson is, om die beste olie voort te bring. Die olie staan op die punt om lig uit te straal, selfs al is die lamp nie aangesteek nie: die lig van die Koran en die lig van geloof saam is lig op lig. Allah lei na Sy lig*, wie Hy wil. Allah gee beskrywings van voorbeelde vir Sy volk, en Allah het goeie kennis van alles. (*K24:40)

36. Die mense wie deur Allah gelei is Aanbid Allah in die Moskees wat Allah hulle beveel het om op te rig en aan Hom toe te wy, waar Sy Naam op ‘n verskeidenheid van maniere genoem, aangeroep en geloof en geprys word, en waar Sy reinheid en enigheid soggens en saans verkondig word,

37. deur mense wat nie toelaat dat hulle werksaamhede of verpligtinge hulle daarvan weerhou om Allah voortdurend te loof en te prys nie, of daarvan weerhou om Aanbidding ‘n gereelde instelling te maak of die Armebelasting te betaal nie, want hulle het voortdurend ‘n groot ontsag en respek vir die dag, die Opstandingsdag tydens die Oordeelsdag, wanneer harte en oë omgekeer* gaan word van angs en vrees en verskrikking. (*K14:42)

38. Die lot van daardie gelowiges sal wees dat Allah hulle sal beloon ooreenkomstig die beste dinge wat hulle gedoen het en die beloning selfs as Sy guns aan hulle sal vermeerder. En Allah gee ruimskoots aan wie Hy wil sonder om eers te tel hoeveel Hy gee.

39. Maar wat betref diegene wat nie glo nie, die goeie dinge wat hulle doen is soos ‘n lugspieëling op ‘n woestynvlakte wat ‘n dorstige persoon vir water aansien: totdat hy op die plek kom waar hy gedink het hy water sien, net om niks daar te kry nie, so sal die ongelowige ook sy beloning verwag net om niks te kry nie, behalwe vir die besluit van Allah om aan hom die volle prys betaal vir wat hy vir homself verdien het. En Allah is vinnig om af te reken.

40. Hulle dade kan ook vergelyk word met laag op laag duisternis in die uitgestrekte dieptes van die see, oorweldig en bedek deur een golf op ‘n ander waarbokant die wolkebedekking soos lae duisternis voorkom, een laag op ‘n ander. Wanneer iemand sy hand uitsteek kan hy dit skaars sien. Iemand aan wie Allah nie lig* en leiding gee nie, kan glad nie lig en leiding hê nie. (*K24:35)

41. Het jy nie besef dat die reinheid van Allah verkondig word deur alle skepsels wat in die hemele en op die aarde is nie, en deur die voëls met hulle uitgespreide vlerke, nie? Elkeen weet hoe om op sy eie manier tot Allah te bid en op sy eie manier die reinheid van Allah te verkondig. En Allah verstaan goed wat hulle doen.

42. Aan Allah behoort die Koninkryk van die hemele en die aarde, en na Allah toe is die finale terugkeer.

43. Besef jy nie dat dit Allah is wat die wolke aandryf nie, en wat hulle saamvoeg en hulle dan saambondel nie? Dan sien jy die reën uit die wolke kom. En Hy stuur vanuit die hemelruim wolke, wat soos groot berge lyk, met hael daarin, en dan tref Hy daarmee wie Hy wil en keer dit weg van wie Hy ookal wil, af. En die blitse van die weerlig wat die wolke veroorsaak verblind die sig van kykers.

44. Allah wissel die nag en die dag af. Daar moet verseker ‘n les in wees vir diegene wat oë het om te sien.

45. Allah het elke bewegende skepsel uit water geskape. Sommige van die skepsels seil op hulle mae, sommige op twee bene en ander weer op vier bene. Allah skep wat Hy wil en Allah het waarlik mag oor alles.

46. Ons het sekerlik verse geopenbaar wat dinge verduidelik en ophelder. Allah lei wie Hy wil op die reguit weg.

47. En van diegene wat voorgegee het wat hulle nie regtig was nie, het gesê: ‘Ons glo in Allah en in die boodskapper en is nou gehoorsaam,’ maar toe het ‘n paar van hulle tog na alles teruggegaan op hulle besluit*. Hulle is nie gelowiges nie. (*K4:60&61)

48. En wanneer hulle geroep word om voor Allah en die boodskapper te verskyn, sodat die boodskapper tussen hulle kan oordeel, dan draai sommige van hulle sommer vinnig teen hom.

49. Maar wanneer hulle die reg aan hulle kant het, dan kom hulle ewe gedienstig na die boodskapper toe, so asof hulle, hulself aan hom onderwerp.

50. Is daar een of ander siekte in hulle harte of twyfel hulle, of is hulle bang dat Allah en Sy boodskapper hulle onreg sal aandoen? Dit is eerder die geval dat hulle die is wat onreg doen.

51. Die enigste antwoord wat die ware gelowiges gee, wanneer hulle geroep word om voor Allah en Sy boodskapper te verskyn sodat hy tussen hulle kan oordeel is: ‘Ons hoor en ons gehoorsaam.’ Sulke mense is die suksesvolles.

52. Wie ookal Allah en Sy boodskapper gehoorsaam en ‘n verwondering het vir Allah, en ‘n heilige ontsag en respek het vir Allah, is die oorwinnaars.

53. Mohammed, diegene wat voorgee wie hulle nie regtig is nie, sweer te pragtig voor Allah dat indien jy hulle sou beveel, hulle onmiddelik hulle hulle huise sal verlaat om deel te neem aan die Stryd vir die saak van Allah. Sê vir hulle: “Moenie sweer nie, die waarheid en betroubaarheid van julle gehoorsaamheid is aan Allah alleen bekend. Allah weet verseker van alles wat julle doen.”

54. Mohammed, en sê vir hulle: “Wees gehoorsaam aan Allah en wees gehoorsaam aan die boodskapper. Maar as julle besluit om dit nie te doen nie, dan rus op die boodskapper die verantwoordelikheid van wat hy moet doen en op julle die verantwoordelikheid van wat julle moet doen. Maar as julle aan hom gehoorsaam is sal julle by die regte weg uitkom. En die boodskapper is vir niks meer verantwoordelik as net om die boodskap duidelik oor te dra nie.”

55. Allah het aan diegene van julle wat glo en wat goeie dinge doen belowe dat Hy hulle verseker Sy verteenwoordigers in die land sal maak, soos wat Hy diegene voor julle gemaak het. Allah het ook belowe dat Hy verseker vir hulle die godsdiens wat Hy vir hulle gekies het as godsdiens van die land gaan instel en dat Hy hulle toestand van vrees gaan omruil met vrede, op voorwaarde dat hulle My sal aanbid en dien, en geen vennote aan My sal toeskryf en met My sal assosieer nie. Wie dan na dit steeds ‘n ongelowige word, sulke mense is die oortreders.

56. So, maak Aanbidding ‘n vaste instelling, en betaal die Armebelasting en gehoorsaam die boodskapper sodat julle met genade begunstig mag word.

Allah se planne loop of iemand daarin glo of nie

57. En moenie ooit dink dat die ongelowiges daartoe instaat is om Allah se plan op aarde te frustreer nie. Hulle woning en rusplek is die Vuur. En dit is voorwaar ‘n baie slegte plek om by te stop.

Welvoeglikheid vir huisbediendes en minderjarige kinders

58. Gelowiges, die diensknegte in julle huise, en julle minderjarige kinders moet gedurende drie tye van die dag eers aan die deur klop en toestemming vra om in te kom, wanneer hulle julle wil sien: voor die Vroegoggend-Aanbidding, tydens die middaguur wanneer julle ontklee het en na die Aandaanbidding. Hierdie is drie tye van privaatheid vir jou. Buite genoemde tye is daar geen probleem mee vir jou of vir hulle om te gesels nie. Hulle is jou gereelde besoekers net soos wat sommige van julle gereelde besoekers by ander is. Dit is hoe Allah die verse aan jou verduidelik. En Allah is Alwetend, en Alwys.

59. En wanneer julle kinders geslagsryp word, moet hulle ook eers aanklop en toestemming vra soos die minderjariges voor hulle. Dit is hoe Allah die verse aan julle verduidelik. En Allah is Alwetend, en Alwys.

‘n Toegewing aan die ouer dames wat betref die bedekking van hulle skoonheid

60. Die ouer vroue wat nie meer enige hoop op ‘n huwelik het nie, doen nie sonde as hulle die ekstra kledingstukke afhaal wat normaalweg hulle skoonheid sou bedek het, nie, op voorwaarde dat hulle nie tog hulleself mooi maak en dit ten toon stel nie. Maar dit is beter dat hulle nie eers van hierdie toegewing gebruik maak, en so onbedek voor troubare persone verskyn nie. Allah is Alhorend en Alwetend.

Siekes en gesonde hoef nie skuldig te voel teenoor mekaar wanneer hulle saam eet nie

61. Mense wat saam eet hoef nie selfbewus te voel oor enigiets nie: daar is niks fout met die vermoëns van ‘n blinde persoon of iemand wat lam of iemand wat siek is nie, of met julleself wanneer julle in julle eie huise eet of in die huise van julle familielede of vriende eet nie. Elkeen eet soos wat hy kan en soos wat hy gemaklik voel. Ook nie as julle die huise van iemand oppas wat uitstedig is, en hulle julle genooi het om van die kos in die huis te eet nie: voel vry. Julle doen nie enigiets verkeerd wanneer julle saam of afsonderlik eet nie want elkeen eet binne sy vermoë en niemand hoef skuldig te voel nie. En wanneer julle iemand se huis binnegaan, groet mekaar met die Salaam-groet: “Vrede vir jou”, die manier van groet wat Allah voorgeskryf het en wat ‘n aangename en geseënde manier van groet is. Dit is hoe Allah die verse aan julle verduidelik sodat julle kan verstaan.

Etiket vir vergaderings saam met die profeet Mohammed

62. Die gelowiges is slegs hulle wat in Allah glo en in Sy boodskapper, en wie, wanneer hulle met hom in ‘n vergadering is vir ‘n saak van gemeenskaplike belang, eers vra om verskoon te word, alvorens hulle die vergadering verlaat. Mohammed, diegene wat so vir jou vra om verskoon te word is verseker hulle wat in Allah en Sy boodskapper glo. So, indien hulle vra om verskoon te word om na een of ander van hulle sake om te sien, gee dan toestemming aan wie jy wil, en bid tot Allah om hulle ook te vergewe. Waarlik Allah is Meesvergewend, en Baiegenadig.

Wegglip uit vergaderings wys dat iemand nie die boodskapper na waarde ag nie

63. Moenie ‘n oproep deur die boodskapper soos net maar nog ‘n versoek van een van julle aan ‘n ander beskou nie: versoeke deur die boodskapper is van groter waarde. En Allah weet wie is dit wat uit vergaderings uit wegglip, terwyl julle mekaar beskerm. So, diegene wat Sy boodskapper se opdrag verontagsaam, moet pasop dat hulle nie deur ‘n beproewing getref word of ‘n pynlike straf ontvang nie.

64. Onthou! Aan Allah behoort alles wat in die hemele en op aarde is. Hy weet in watter toestand julle is, en op die Oordeelsdag wanneer hulle na Hom toe teruggebring sal word, sal Hy aan hulle vertel presies wat hulle gedoen het. Allah is ten volle bewus van alles.

O my Allah,

dankie vir goeie maniere,

en dankie dat U ook in die Koran vir my leer

wat goeie maniere is

sodat ek ook ‘n Moslem kan wees

met goeie maniere.

Leer my elke dag meer en meer hoe om ‘n goeie,

goedgemanierde Moslem te wees,

sodat ek nie U Naam enige oneer aandoen nie.

Kom, o my Allah,

laat U Koninkryk nog meer in my lewe kom.

Amen